



BEGROTING VIR DIE FINANSIËLE JARE:

BUDGET FOR THE FINANCIAL YEARS:

2010/2011 - 2012/2013

KANNALAND BEDRYFSBEGROTING OPSOMMING 2010-2011

KODE	BESKRYWING	BEGROTING	BEGROTING	PERSENTASIE	BEGROTING	BEGROTING
		2009/10	2010/11	VERANDERING	2011/12	2012/13
200	EIENDOMSBELASTING	7,500,000	7,259,800	3.31	8,417,000	9,757,000
201	DIENSTE HEFFINGS - VULLIS	2,876,400	2,932,687	1.92	3,937,000	4,120,000
202	DIENSTE HEFFINGS - RIOOL	2,922,000	3,070,000	4.82	3,778,700	3,956,000
203	DIENSTE HEFFINGS - WATER	4,020,000	4,932,000	18.49	5,065,720	5,303,000
204	DIENSTE HEFFINGS - ELEK	20,500,000	23,467,000	12.64	26,802,300	28,254,000
300	BOETES EN VERHALINGSKOSTE EIENDOMSBELASTING	200,000	200,000	0.00	100,000	100,000
400	DIENSTE HEFFINGS - ANDER	2,500	9,000	72.22	9,800	10,258
700	VERHUUR VAN FASILITEITE EN TOERUSTING	295,000	267,000	10.49	279,100	292,134
800	RENTE VERDIEN - EKSTERNE BELEGGINGS	500,000	800,000	37.50	500,000	528,350
1000	RENTE : UITSTAANDE DEBITEURE	0	0	0.00	0	0
1100	DIVIDENDE ONTVANG	0	0	0.00	0	0
1300	BOETES	1,500,000	2,151,000	30.26	2,151,100	2,151,162
1400	LISENSIES EN PERMITTE	100,000	120,000	16.67	79,600	83,830
1500	INKOMSTE UIT AGENTSKAP DIENSTE	5,400	3,900	38.46	3,400	3,643
1600	SKENKINGS EN SUBSIDIES ONTVANG (BEDRYFS)	14,680,000	18,518,000	20.73	20,900,000	22,752,000
1700	ANDER INKOMSTE	358,100	415,300	13.77	348,207	374,276
1800	WINS MET VERVREEMDING VAN BATES	400,000	500,000	20.00	0	0

Inkomste	55,859,400	64,645,687		72,371,927	77,685,653
-----------------	-------------------	-------------------	--	-------------------	-------------------

3000	WERKNEMERSKOSTE - SALARISSE	16,667,851	20,221,875	17.58	20,812,193	22,200,294
3100	WERKNEMERSKOSTE - SOSIALE BYDRAES	3,535,164	4,543,869	22.20	5,905,918	6,287,987
3200	MIN WERKNEMERSKOSTE GEKAPITALISEER	0	0	0.00	0	0
3300	MIN WERKNEMERSKOSTE NA ANDER BEDRYFSUITGAWES	0	0	0.00	0	0
3400	VERGOEDING RAADSLEDE	2,514,500	2,642,083	4.83	2,586,940	2,669,981
3500	BYDRAES TOT RESERWEFONDSE	1,000,000	600,000	66.67	770,000	794,000
3600	INVORDERINGSKOSTE	0	200,000	100.00	240,000	280,000
3700	WAARDEVERMINDERING	3,973,610	3,570,100	11.30	3,758,670	3,946,604
3800	HERSTEL EN ONDERHOUD - MUNISIPALE BATES	3,738,000	3,395,800	10.08	4,214,756	4,225,494
3900	RENTE - EKSTERNE LENINGS	1,389,800	1,349,100	3.02	1,457,800	1,511,690
4000	DELGING - EKSTERNE LENINGS	0	400,000	100.00	480,000	560,000
4100	GROOTMAAT AANKOPE	15,600,000	19,450,000	19.79	22,495,000	25,550,000
4200	GEKONTRAKTEURDE DIENSTE - BEDRYFS	3,413,000	2,872,255	18.83	3,261,713	3,320,371
4300	SKENKINGS EN SUBSIDIES	10,000	10,000	0.00	10,000	10,000
4400	ALGEMENE UITGAWES - ANDER	6,594,000	7,303,560	9.72	7,460,907	7,780,533
4500	VERLIES MET VERVREEMDING VAN BATES	0	0	0.00	0	0
4550	BYDRAES NA / VAN VOORSIENINGS (INTERNE OORDRAGTE)	0	300,000	100.00	450,000	600,000
4700	RENTE - INTERNE LENINGS	0	0	0.00	0	0
5700	DIVIDENDE BETAAL (MUNISIPALE ENTITIES ALLEEN)	0	0	0.00	0	0
6280	OORDRAGTE VAN / (NA) ANDER RESERWES	(2,612,890)	(2,310,560)	13.08	(1,543,489)	(2,084,037)

Uitgawe	55,823,035	64,548,081	13.52	72,360,408	77,652,916
Surplus(Tekort)	36,365	97,606	62.74	11,519 #	32,738

SUBSIDIES EN SKENKINGS - KAPITAAL 2010-2011

1610	SKENKINGS EN SUBSIDIES (KAPITAAL)	15,524,000	18,828,000	17.46	23,566,000	17,382,000
4201	GEKONTRAKTEURDE DIENSTE - KAPITAAL	15,524,000	18,828,000	17.46	23,566,000	17,382,000

Totale Befondsing	71,383,400	83,473,687		95,937,927	95,067,653
Totale Besteding	71,347,035	83,376,081		95,926,408	95,034,916
Surplus(Tekort)	36,365	97,606		11,519	32,738

BEGROTING – 2010/11

TOESPRAAK VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Mevrou die Speaker, Onderburgemeester, Raadslede, die Munisipale Bestuurder, Personeellede, en lede van die media en die publiek:

Baie dankie vir die geleentheid om hierdie Begroting aan u voor te hou. Ons is almal bewus van die moeilike ekonomiese tye wat die wêreld tans oorheers, asook die sosiale en ekonomiese uitdagings van ons eie streek. Nasionale riglyne vereis verbeterde dog bekostigbare dienslewering met beperkte tariefverhogings. Gegewe Eskom se goedgekeurde 24,8% styging, die stabilisering van die nuwe mark-gebaseerde waardasierol en belastingstelsel, en die behoefte aan kundige en bekwame personeel om effektiewe dienslewering te verseker, word hierdie begroting as 'n voortsetting van die afgelope jare se reuse uitdagings beskou wat die toegewyde samewerking en ondersteuning van die hele gemeenskap – inwoners sowel as werknemers – sal benodig.

Kannaland se begroting vir 2010/11 reflekteer die effek van die afgelope wêreldwye ekonomiese tendense van afnemende inkomste en stygende kostes. Ons fokus dus op die stabilisering van ons dienslewering-kapasiteit, die beperking van tariefverhogings tot die laagste prakties haalbare vlakke, die opknapping van infrastruktuur, wetlike nakomingsvereistes en die beskerming van die armes.

Die Raad se goedgekeurde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan dien as leidende raamwerk vir die 2010/11 Begroting. Toekenning van fondse in die voorgestelde begroting is bedoel om die Raad in staat te stel om sy strategiese doelwitte te bevorder, naamlik:

- Effektiewe, volhoubare en bekostigbare munisipale dienslewering;
- Beperkte skepping van infrastruktuur en werksgeleenthede, gebaseer op beskikbare projekbefondsing, wat die ontwikkeling en stabiliteit van die streek sal ondersteun;
- Plaaslike ekonomiese ontwikkeling en toerisme;
- Skepping van 'n veilige en gesonde omgewing met die klem op beskerming van die armes;
- Goeie bestuur en bewaring van die natuurlike omgewing; en
- Deursigtige, demokratiese en rekenpligtige regering, gerugsteun deur gefokusde nakoming van wetlike vereistes ten opsigte van oorsig en verslagdoenings-funksies.

Kannaland het steeds reuse uitdagings ten opsigte van dienslewering en infrastruktuur. Een van die belangrikste aspekte daarvan is die vestiging van volhoubare institusionele kapasiteit om koste-effektiewe dienslewering te verseker. Administratiewe uitdagings, waar verdere suksesse nagestreef sal word, sluit onder meer in die verbetering van die betaalsyfer vir munisipale dienste gelewer, die vestiging van kundige top- en middelbestuur, die herstrukturering van die Raad se dienslewering-afdelings, personeelbemaatting en nakoming van oorsigtelike vereistes. Die gemeenskap erken die verbeterings van die afgelope jaar, maar eis ook verdere verbeterings in die komende jaar. Die 2010/10 Begroting beklemtoon die toenemende behoefte om dienslewering-kapasiteit te bou.

Nasionale riglyne vir 2010/11 behou die fokus op beskerming van armes. Die gevestigde praktyk ter ondersteuning van deernisgevalle word gehandhaaf. Armoedeverligting is een van Kannaland se top prioriteite, daarom maak die 2010/11 Begroting voorsiening vir volgehoue gratis basiese dienste aan deernis huishoudings. Die voorsiening van gratis water aan deernisgevalle vorm deel van ons strategie om die armes te beskerm. Die huidige norm van 6kl per geval per maand bly van krag. Gegewe die ongunstige ekonomiese toestande en die heersende tekort aan water is strenger water-beheermaatreëls ingestel en gratis water is beperk tot deernis-gevalle alleen. Die bestaande vergunning van 50kWh gratis elektrisiteit per deernisgeval bly van krag.

Deernishulp sluit in die subsidiëring van basiese heffings asook vullis- en rioleringsdienste. Die vrystellingsperk ten opsigte van eiendomsbelasting word teruggebring na R15,000 per residensiële eiendom, met 'n verdere verligting op eiendomsbelasting vir deernis- en ander meriete-gevalle wat per aansoek oorweeg sal word. Alle huishoudings met 'n maandelikse inkomste van minder as R2,200 per maand kwalifiseer vir deernishulp. Inwoners word aangemoedig om vir hulle regmatige voordeel aansoek te doen.

Dienslewering-behoefes noodsaak die Raad om tariewe vir 2010/10 soos volg te verhoog:

- *Elektrisiteit*: [19% - 22%] - Nasionale Tesourie se instruksie is gebaseer op Eskom se verhoging van 24,8%. Tariewe word hersien om die basiese komponent konstant te hou en die energie-gebruik tarief te verhoog. Implementering van die tariewe is onderworpe aan tarief-vasstellings deur die Nasionale Elektrisiteits Reguleerder, waar aansoek gedoen is vir 'n toelaatbare 22%.
- *Water*: Die tarief-verhoging sal 6% wees op die skale wat verlede jaar in werking gestel is.
- *Riolering en Vullisverwydering*: Die tarief-verhoging sal 6% wees op die skale wat verlede jaar in werking gestel is.
- *Algemene tariewe* verhogings is tot 'n maksimum van 6% beperk.
- *Eiendomsbelasting*: Die mark-gebaseerde waardasierol en wetlik-voorgeskrewe tarief-verhoudings is ten volle toegepas, met 'n algemene 6%verhoging op die vorige jaar se tariewe. Verwagte inkomste daal egter vanweë laer skattings deur die waardasiehof op sekere eiendomme toegepas.

Die Inkomste-begroting vir 2010/11 beloop R86m, wat Staats-bydraes van R36m insluit, waarvan R18m vir kapitaalwerke is. 'n Beroep word weereens op Kannaland se gemeenskappe gedoen om munisipale rekeninge getrou te betaal om ons begrote inkomste te realiseer sodat dienslewering verbeter kan word. Die Raad is dankbaar vir diegene wat ons in dié opsig ondersteun, maar is bewus van gedeeltes van die gemeenskap waar die betaalkultuur steeds baie swak is. Strenger kredietbeheermaatreëls sal noodwendig toegepas moet word indien die betrokke gemeenskappe se samewerking nie verkry word nie.

Die Uitgawe-begroting beloop R86m, met die grootste uitdaging ten opsigte van die vermindering van besteding op algemene uitgawes om fondse beskikbaar te stel vir addisionele salarisse en insetmiddel-koste asook noodsaaklike uitbreiding van kantoor akkommodasie en fasiliteite. Die Raad se personeelstruktuur is steeds deur 'n hoë persentasie vakatures gekenmerk, wat dienslewering nadelig affekteer.

My voorneme, as Uitvoerende Burgemeester, is steeds van krag om hierdie Raad op deursigtige en verantwoordbare wyse te lei en om te verseker dat sy dienslewering-mandaat nagestreef word terwyl wetlike oorsig-vereistes prioriteit geniet. Sonder voldoende, toegewyde en bekwame personeel sal dié mandaat nie haalbaar wees nie. Ek wil die bestuur bedank vir hulle volgehoue harde werk – en weereens attent maak op die uitdagings wat nog op ons wag.

Die Kapitaal-begroting is vanjaar opgestel volgens die beskikbare fondse en riglyne deur die Nasionale Regering daargestel. Prioriteite soos deur die wykskomitees geïdentifiseer lei steeds die GOP, maar kan slegs met voldoende kapitaal aangespreek word. Die kapitaal-begroting is met 'n effektiewe R3m vermeerder. Terwyl die munisipaliteit steeds beperkte vermoë het om kapitale werke uit eie fondse te finansier, doen ons aansoek by verskeie owerhede vir addisionele kapitaal-befondsing. Die voorgestelde 2010/11 Kapitaal-begroting bestaan hoofsaaklik uit projekte wat deur middel van skenkings befonds word:

- R7,9m vanaf die Munisipale Infrastruktuur Toekenning [MIG] vir die opgradering van paaie in Kannaland;
- R6,0m vanaf die Departement van Minerale en Energiesake vir die installering van afstandbeheerde elektrisiteit-meters, krag-besparings toerusting en bestuurstelsels;
- R4,5m vanaf die Wes-Kaap Provinsiale Regering vir Behuising;
- R2,2m uit eie reserwes vir noodsaaklike kantore en voertuie; en
- R0,23m lening om die ou telefoonstelsel te vervang.

Ons opregte dank word aan die Nasionale en Provinsiale Regering betuig vir hierdie ondersteuning. Ons gee u egter die versekering dat ons sal aanhou om elke moontlike bron te tap om verdere befondsing vir ons kapitaal-program te bekom.

Gemeenskaps-deelname in die begrotingsproses is vanjaar gedoen deur middel van die openbare wyksvergaderings. Die voorlopige begroting is op 25 Maart 2010 in die Raad ter tafel gelê waarna die Begroting openbaar gemaak is vir kommentaar en insette deur die publiek. Insette is sover moontlik in ag geneem met die finalisering van hierdie Begroting.

Ek doen 'n heelhartige beroep op ons gemeenskappe, organisasies, raadslede en personeel om saam te span in 'n grootse poging om Kannaland deur voortgesette moeilike tye te dra en, ten spyte van die donker prent deur ons ekonomies geskilder, sterker anderkant uit te kom met die wete dat ons die wil en deurstellingsvermoë het om die uitdagings die hoof te bied.

My opregte dank aan my Raadslede, wykskomitees, belangstellende organisasies en die breë gemeenskap vir hulle insette tot die begroting. 'n Besondere woord van dank aan die Munisipale Bestuurder en sy span wat, onder moeilike omstandighede en met beperkte bronne, die begroting saamgestel het.

Mevrou die Speaker, dit is beide my plig en my voorreg om die 2010/11 Medium Termyn Begroting voor te hou vir bespreking en oorweging deur die Raad.

Dankie!

Rld N. Valentyn
Uitvoerende Burgemeester: Kannaland Munisipaliteit
28 Mei 2010.

BEGROTING – 2010/11 tot 2012/13**1. Doel**

Om die Raad se begroting vir die medium termyn periode 2010/11 tot 2012/13 voor te lê ter oorweging vir goedkeuring.

2. Agtergrond

Na aanvaarding van die voorlopige begroting op 25 Maart 2010 is 'n werkwinkel met Raadslede en amptenare 31 Maart 2010 gehou om die beherende beginsels en riglyne vir die begroting te bespreek. Die publieke deelname proses het tussen 03 en 18 Mei geskied, met wykskomitee-vergaderings en publieke sessies gehou te Zoar, Calitzdorp, Vanwyksdorp en Ladismith. Insette van verskeie bronne ontvang is in die proses oorweeg vir insluiting in die begroting, onderhewig aan voorskrifte, noodsaaklike behoeftes en beskikbare befonding.

Interaksie met Provinsiale owerhede is geskoei op die *LG MTEC 3* proses, wat die in-diepte ontleding en bespreking van Kannaland se finansiële profiel, vermoë en begrotings-voorsigte insluit. Dit dien vermeld te word dat hierdie proses nie veel waarde tot die begroting bygedra het nie aangesien die ontledings in verskeie gevalle op foutiewe aannames gebaseer was.

Die Nasionale Tesourie se riglyne vir begroting in tye van ernstige ekonomiese resessie, 'n beperking op algemene tarief-verhogings van 6%, die NERSA vasstelling van Elektriesiteits-prysverhogings teen 'n koers aansienlik laer dan die styging in insetkoste van Eskom-krag, die beperking op kapitaal-befonding en die effek op dienslewering van stygende insetkoste kombineer om die begroting 'n uiters moeilike teiken te maak.

3. Partye Betrokke

Nasionale Tesourie,
Provinsiale Tesourie,
Provinsiale Departement: Plaaslike Regering,
Die Raad, en
Die belastingbetalers en verbruikers-publik.

4. Wetlike Aspekte

Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003);
Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004).

5. Begrotings-Riglyne

Die begroting moet in lyn wees met norme en prioriteite deur nasionale en provinsiale regering gestel. Die hoof verwysings-bron hiervoor is Nasionale Tesourie se Omsendskrywe #51, met die Nasionale Regering se hoof prioriteite:

- **Verbetering van dienslewering** deur beter gehalte dienste, en skakeling met gemeenskappe en verbruikers deur die toepassing van Batho Pele beginsels;
- **Bevordering van verantwoordbaarheid** van beide administratiewe en politieke leierskap, deur verhoogde monitering van prestasie en handhawing van besliste, effektiewe besluitnemingprosesse, asook nouer samewerking met plaaslike gemeenskappe en sakeleiers;
- **Fokus van hulpbronne op die hoogste prioriteite** van dienslewering en nakoming van voorskriftelike moniterende wetgewing;
- **Beskerming van die armes** deur strategieë wat die ekonomiese las verlig;
- **Kapasiteit-bou vir langtermyn groei**, effektiewe bestuur en onderhoud van inkomste-genererende infrastruktuur en verbeterde waarde-vir-geld dienslewering;
- **Volgehoue groei in werkskepping** deur uitgebreide kapitaal-programme en arbeids-intensiewe projekte, veral t.o.v. kontrakteurs, die EPWP en die Internskap-program, asook die versnelde besteding van staatsfondse;
- **Bevordering van ekonomiese groei** deur die skep van geleenthede vir plaaslike ontlukende kontrakteurs; en
- **Beheer oor uitgawes** deur streng monitering en afwaartse bestuur van afwendbare en/of vermybare kostes, en 'n besliste voorrang om korrupsie en wanpraktyke in tender-prosesse hok te slaan;

Ten einde die finansiële lewensvatbaarheid van plaaslike regering te vervesenlik, en die koste-impak van dienslewering in die algemeen te beperk, word die volgende leidende beginsels voorgedra:

- Tariefverhogings en besteding moet, waar moontlik, binne die gegewe riglyn inflasiekoers van 6% bly;
- Abnormale tariefverhogings op inset-middele moet tot minimale addisionele tariefverhogings lei, onderworpe aan statutêre prosesse en vasstellings;
- Eskom tarief-aanpassings is op 'n gemiddeld van 19% gestel in afwagting van goedkeuring van die verhogings-aansoek van 22% by NERSA;
- Tariefverligting en gratis basiese dienste vir hulp-behoewendes moet voorkeur geniet;
- Besteding is tot die noodsaaklike minimum beperk, veral ten opsigte van aktiwiteite wat nie direk verband hou met dienslewering-mandate nie;
- Besteding op infrastruktuur-onderhoud geniet voorkeur ten einde bestaande infrastruktuur teen versnelde verval en verlies van batewaardes te beskerm;

- Salaris-aanpassings is beperk tot die riglyn CPIX plus 1,5% wat op 8% bereken en bedgroot is – met inagneming van die impak van TASK posgraderings en vasstellings onlangs geïmplementeer;
- Besteding moet beperk word tot realiseerbare inkomste;
- Debiteure-bestuur en invordering van uitstaande dienste- en belasting-skuld moet hoë prioriteit geniet; en
- Begrotings-inligting word duidelik weerspieël, met volle verduideliking van aannames en koerse daarin gebruik.

Insette van Provinsiale Tesourie is gefokus op munisipale vermoë om diensleweringvlakke te handhaaf gegewe die ekonomiese resessie en beperkende riglyne deur Nasionale Tesourie gestel. Provinsiale Tesourie fokus op:

- **Volhoubaarheid** van dienslewering deur voldoende en realistiese inkomste om die begroting te finansier;
- **Geloofwaardigheid** van die begroting ten opsigte van realiseerbare inkomste en vermoë om kapitale fondse na wense te bestee; en
- **Korporatiewe kapasiteit en stabiliteit** om volhoubare dienslewering te verseker en alle voorskriftelike verslagdoenings-vereistes te kan nakom.

6. Huidige Posisie en Vooruitsigte

Kannaland is bekend as die armste munisipaliteit in die Wes-Kaap, met van die grootste sosio-ekonomiese uitdagings in die provinsie. Die munisipaliteit het 'n wesenlike tekort aan hulp-bronne en finansiële reserves, en kan dus nie 'n wesenlike bydrae tot infrastruktuur-investering of ekonomiese groei lewer nie. Die plaaslike ekonomiese klimaat is nie gunstig nie, met toenemende werkloosheid, armoede en die aanverwante sosiale probleme wat die lewensgehalte van verskeie gemeenskappe negatief beïnvloed.

Die beperkte aantal groot, gevestigde nywerhede, wat langtermyn stabiliteit aan die ekonomie en die arbeidsmark kan verleen, word die meeste geraak deur die toepassing van nasionale regering se riglyne. Geleenthede om nywerhede te lok na die gebied word al meer beperk vanweë beperkte hulpbron-beskikbaarheid, stygende insetkoste en afstande van markte.

Behuisings-ontwikkeling en groei-verbonde inisiatiewe word beperk deur die natuurlike tekort aan water in die streek, asook die ontoereikende dienslewings-infrastruktuur wat krag en water-voorsiening, strate, vullisbeskikking en riolering betref.

Benewens die impak van die verswakte plaaslike ekonomie is die munisipaliteit verplig om die steeds groeiende eise van wetlike nakoming aan te spreek, en wel deur die aanstelling van verskeie personeel in sleutel-poste. Al word 'n mate van hulp deur die Ontwikkelingsbank verleen, die eise op personeel en die heersende gebrek aan fasiliteite en tekorte in kapasiteit op alle vlakke maak dit uiters moeilik om primêre mandate suksesvol uit te voer.

Van die hoof uitdagings wat voorlê is die lewering van dienste teen bekostigbare tariewe, die nakoming van verpligtinge en die vestiging van 'n stabiele en effektiewe werksmag met die kapasiteit om te presteer. Personeel-ontwikkeling is een van die primêre teikens van nasionale regering, wat op plaaslike vlak gestalte moet kry. Om hierdie doel te bereik is dit noodsaaklik om verskeie kritiek vakatures te vul.

Die fokus vir die medium-termyn begrotings is dus volhoubare dienslewering onder ongunstige ekonomiese omstandighede, met die vestiging van praktyke ter verligting van armoede, die bou van dienslewings-kapasiteit en die ontwikkeling van die werksmag. Dit moet binne 'n klimaat van streng fiskale dissipline geskied, met die beperking van beide tariefstygings en die vermyding van nie-noodsaaklike besteding.

7. Medium-Termyn Begroting – 2010/11 tot 2012/13

Die voorgestelde medium-termyn begroting gee erkenning aan die nasionale en provinsiale prioriteite, terwyl dit die Raad se huidige strategiese rigting probeer ondersteun. Die realiteite van Kannaland se omstandighede, die impak van inkomste-bepalende wetgewing en die omvang van stappe nodig om sy dienslewings- korporatiewe verantwoordelikheds-verpligtinge na te kom word in die begrotings-uitdagings weerspieël.

7.1. Oorsig van die Inkomste Rekening

Die grootste impak-faktore op die inkomste-rekening is eiendoms-belasting en elektrisiteit:

- Die implementering van die nuwe mark-verwante waardasierol en die vasgestelde tarief-verhouding deur Staatskennisgewing R.363 gedateer 27 Maart 2009 bring mee dat eiendomsbelasting nie die verwagte inkomste-groei kan realiseer nie. Verskeie aanpassings is op die waardasierol gedoen na afloop van die besware-proses en die tussenskatting wat die effektiewe inkomste-vlakke nadelig raak, en
- Die geprojekteerde styging van 19% in elektrisiteits-tariewe gepaard met 'n verwagte 28% inset-koste styging op grootmaat aankope plaas verhoogde druk op dienslewering. Daar is wel by NERSA aansoek gedoen vir 'n verhoging van 22% maar die verwagting is dat 'n maksimum van 19% toegestaan sal word. Basiese beskikbaarheid en aanvraag-tariewe bly onveranderd terwyl die energie-tarief (koste / kWh) met gemiddeld 19% styg. Die finale vasstelling van tariewe is nog nie bekend nie, en daar kan in sekere opsigte wysigings buite die 19% norm wees.

Die verkorte inkomste-rekening vir 2010/11:

Bedryfs Begroting 2010/11 - 2012/13	BEGROTING	BEGROTING	Beweeg	BEGROTING	BEGROTING
Inkomste Begroting	2009/10	2010/11	%	2011/12	2012/13
Eiendomsbelasting	7,500,000	7,259,800	-3.20%	8,417,000	9,757,000
Diensteheffings - Vullis	2,876,400	2,932,687	1.96%	3,937,000	4,120,000
Diensteheffings - Riool	2,922,000	3,070,000	5.07%	3,778,700	3,956,000
Diensteheffings - Water	4,020,000	4,932,000	22.69%	5,065,720	5,303,000
Diensteheffings - Elektriesiteit	20,500,000	23,467,000	14.47%	26,802,300	28,254,000
Rente / Boetes op Eindomsbelasting	200,000	200,000	0.00%	100,000	100,000
Diverse Diensteheffings	2,500	9,000	260.00%	9,800	10,258
Verhuur van Fasiliteite / Toerusting	295,000	267,000	-9.49%	279,100	292,134
Rente Verdien - Kontantreserwes	500,000	800,000	60.00%	500,000	528,350
Rente - Agterstallige Debiteure	-	-	0.00%	-	-
Dividende Ontvang	-	-	0.00%	-	-
Boetes Ontvang	1,500,000	2,151,000	43.40%	2,151,100	2,151,162
Lisensies en Permitte	100,000	120,000	20.00%	79,600	83,830
Agentskapsdiens-foote	5,400	3,900	-27.78%	3,400	3,643
Subsidies en Skenkings Ontvang (Bedryf)	14,680,000	18,518,000	26.14%	20,900,000	22,752,000
Ander Inkomste	358,100	415,300	15.97%	348,207	374,276
Wins met Vervreemding van Bates	400,000	500,000	25.00%	-	-
Bedryfs Inkomste Begroting	55,859,400	64,645,687		72,371,927	77,685,653

Eiendomsbelasting is teen die nuwe metode bereken gebaseer op die nuwe algemene waardasie wat in prosas van afhandeling is. Die impak van tariefverhoudings per Staatskenningsgewing R.363 gedateer 27 Maart 2009 het 'n wesenlike impak op die residensiële tarief-vasstelling, wat die norm van 6% noodgedwonge oorskry. Werklike inkomste vanuit landbou en landelike grond is wesenlik verminder, terwyl die algemene koers-aanpassing vir residensiële eiendomme in die orde van 10% is op waardasie-wisselings tussen -60% en +240% van die vorige munisipale waardasie. Tariewe en tarief-verhoudings is soos volg:

- Residensiële Eeendom [1.00:1] R0.008904 [PK]
 - Sake- en Nywerheid [2.00:1] R0.017808
 - Staat [0.25:1] R0.002226 [PK]
 - Landbou [0.25:1] R0.002226
 - Maatskaplike instellings [0.20:1] R0.002226 [-5%]
- Natuurreservate, Kerke en Munisipale eiendom is vrygestel.

Die vorige tariefstruktuur het alle klasse eiendom op dieselfde tarief gebaseer, met kortings toegestaan vir Staat, landbou, maatskaplike inrigtings, en kerke. Dié korting-klassifikasies val weg behalve vir ouderdoms-korting wat behou bly. Dit is tans gestel op 30% met die voorwaarde dat aansoekers slegs een eiendom besit en bewoon. Persone bo die kwalifiserende ouderdom wat meer as een eiendom besit ontvang nie dié korting nie.

Elektriesiteit styg met 'n onvermydelike 19% in lyn met die nasionale voorskrif, met 'n bepaalde effek op grootmaat verbruikers en die tarief vir voorafbetaalde krag, welke tariewe in die verlede 'n wesenlike onder-verhaling getoon het;

Water tariewe styg met 'n gemiddelde ±6,0% - 6,7% terwyl geprojekeerde inkomste 'n styging van 18% toon – gebaseer op 'n gewysigde glyskaal wat hoër-volume verbruikers swaarder sal tref, met verlaagde gratis water beperk tot 6kl per maand vir deernis-gevalle;

Vullisverwydering tariewe styg met 6% terwyl realiseerbare inkomste met 2% styg weens verhoogde voorsiening vir oninbare gelde;

Riolering tariewe styg met 'n gemiddeld van 6% terwyl inkomste met 5% styg weens verhoogde voorsiening vir oninbare gelde;

Algemene inkomste vlakke word op soortgelyke vlakke as vir die huidige jaar ver wag, en toon dus geen wesenlike verandering nie;

Finansierings-inkomste toon 'n wesenlike styging van R0,3m as gevolg van die verwagte kontant-reserwes op hande en die afspreek van nie-realiseerbare rente en boetes gehê op onrealistiese debiteure skuld, wat verder sal verminder met afskrywing van ou skuld, en lopende rekeninge meer effektief beheer word;

Subsidies en skenkings toon 'n styging van R3,9m, synde die effek van 'n 31% of R3,5m verhoging in *Equitable Share*, met verhoogde *FMG* en *MSIG* toekennings; en **Reserwe-fondse oordragte** wat in twee aspekte verdeel word, synde:

Reserwe fondse benodig vir verpligte aanwending, nl. fondse in die finansiële state as reserwes aangetoon vir spesifieke aanwending geoormerk, soos bv. die rehabilitasie van stortingsterreine; en

Projek-befondsing – wat in terme van Nasionale Tesourie se riglyne moet ontstaan indien fondse nie ten volle bestee is nie, of die onbestede balanse op hande terugbetaal moet word. Die oorrol van fondse mag slegs by wyse van Nasionale Tesourie se jaarlikse wysigingsbegroting geskied, en wel per aansoek deur die munisipaliteit om beskikbare fondse vir projekbesteding oor te dra. Dié proses kan eers na afloop van die finansiële jaar plaasvind, na vasstelling van die werklike balanse, reeds vir die oorrol en die moontlike vrystelling van terugbetaling daarvan.

Die effek van die nuwe waardasie-basis sal eers ten volle bepaal kan word na afloop van die besware-proses. Die waardeersers is van mening dat die waardasies billik is, terwyl sommige eienaars die toegepaste belasting as buitensporig hoog beskou. 'n Mate van beperking op inkomste is in die berekende waardes ingebou om voorsiening te maak vir die moontlike verlaging in waardasies. Aanpassing van die tariewe sal uiters moeilik wees vanweë die huidige begrotings-balans.

7.2. Oorsig van die Bestedings-Rekening

Medef. Begroting 2010/11 - 2012/13	BEGROTING 2009/10	BEGROTING 2010/11	Verandering	BEGROTING 2011/12	BEGROTING 2012/13
Uitgawe-Begroting	16,007,851	20,221,875	21,32%	20,611,193	22,200,294
Verkeerskoste - Salariese	-	-	-	-	-
Verkeerskoste - Soutale Hydraan	5,535,164	4,543,869	28,33%	5,905,918	6,287,987
Mtu- Werktuigkoste Cokapitaaliseer	-	-	0,00%	-	-
Mtu- Werktuigkoste Uitgeleë/leë	2,514,500	2,642,083	5,07%	2,386,940	2,669,981
Randalele Vergoeding	1,000,000	600,000	-40,00%	790,000	790,000
Hydraan in Reëlverhouding	-	-	-	-	-
Invorderingskoste	-	200,000	0,00%	240,000	280,000
Wandervermindering	3,973,610	3,579,100	-10,15%	3,758,570	3,946,604
Herstel en Onderhoud - Batus	3,738,000	3,395,800	-9,15%	4,214,736	4,225,494
Reise - Eksterne Lenings	1,389,800	1,349,100	-2,93%	1,487,300	1,511,600
Delging - Eksterne Lenings	-	400,000	0,00%	480,000	560,000
Grootmaat Aankope	15,600,000	19,450,000	24,68%	22,499,000	25,550,000
Cekontrakteerde Dienste	3,413,000	2,872,253	-15,84%	3,261,713	3,320,371
Skenkings en Subsidies	10,000	10,000	0,00%	10,000	10,000
Algemene Uitgawe - Ander	6,594,000	7,303,560	10,76%	7,460,907	7,780,533
Hydraan aan Versoening van Batus	-	-	-	-	-
Reise - Interne Lenings	-	300,000	0,00%	450,000	600,000
Dividende Betaal	-	-	-	-	-
Oordragte na van Reserwes	-2,612,800	-2,310,560	0,00%	-1,543,489	-2,084,037
Uitgawe-Begroting	85,823,485	64,548,084	0,00%	72,366,408	77,652,916
Nete Salariese (1,160)	36,365	97,606	0,00%	115,19	32,736

Raadsele toelaes styg in totaal met 5% of R0,24m gebaser op 'n algemene voorsiening van 10% op die vorige jaar se werklike koste – wat R0,12m laer as die vorige begroting was ;

Personeelkoste – vanweë 'n geskiedenis van personeel-tekorte en abnormale hoë vakature-koerse sal die salaris-rekening, as gevolg van aanstellings in kritieke of essensiële dienslewingsposte en 5 internskappe, met 13% of R2,7m tenoor die vorige jaar se begroting styg alvorens die normale salaris-verhoging van 8% of R1,8m in berekening gebring word. Die goedgekeurde organigram sal steeds 89 vakatures vanuit 'n totale komplement van 229 poste dra, waarvan 123 tans gevul is en 17 poste oor die kort termyn gevul moet word – waarvan sleutelposte en semi-gekolde arbeid is. Ten einde die salaris-begroting binne perke te hou word beplan om sekere aanstellings terug te hou, oortyd en byvoordele tot die noodsaaklike minimum te bestuur, en kostebesparings waar moontlik te bewerk;

Grootmaat aankope styg met 20% of R3,8m, gebaser op die Eskom tarief-vasstelling, stygings in water-koste en 'n verwagte afname in krag-verkope en stelsel-verliese as gevolg van meter-oudit en implementering van die beplande bestuurs-stelsel strategie;

Herstel en onderhoud daal, as gevolg van nypende fondse-tekort, met 'n onvermydelike 10% of R0,34m teenoor die behoefte van ±R5m per jaar benodig om huidige agterstande aan te spreek;

Algemene uitgawes styg met 9,7% of R0,71m as gevolg van verhoogde insetmiddelkoste op alle noodsaaklike items;

Kapitaalkoste styg met 4% of R0,359m op heersende lenings-verpligtinge vanweë die ondervoorsiening van kapitaalbelging in die vorige begroting;

Hydraan aan fondse en reserwes daal met 10% of R0,1m as gevolg van die veranderende basis van voorsiening vir omnibare gelde in die inkomste-rekening, en verhoogde bydraes vir vullsterrein rehabilitasiekoste;

Oordragte vanaf reserwes daal met 13% of R0,3m om interne finansiering vir bedryfskoste te voorsien;

Algemene projekbesteding daal met 18,8% of R0,54m as gevolg van die insluiting van internskap-salarisse in die personeelrekening verlaagde Staats-subsidiëring.

7.3. Oorsig van die Kapitaal Begroting

Kapitaal Begroting 2010/11 - 2012/13	BEGROTING 2009/10	BEGROTING 2010/11
Kapitaalbesteding		
MIG: Paaië - Kannaland	7,160,000	7,894,000
Geproklameerde Paaië	537,000	25,000
EE DSM: Elektriesiteitsbestuurtoerusting	4,000,000	6,000,000
EE DSM: Elektriesiteits Infrastruktuurstudie	-	363,000
Elektriesiteits-afdeling Voertuig	-	200,000
Gemtegreerde Behuising	3,827,000	4,551,000
Trekker / Grassnyer	-	30,000
Kantoorgeboue (stelsel-sekureiteit)	-	2,000,000
Begraafplase Ontwikkeling	-	300,000
Telefoonstelsel	-	250,000
Voertuig-opsporing / Vlootbestuurstelsel	-	80,000
Totale Kapitaalbesteding	15,524,000	21,693,000
Befonds deur:	15,524,000	21,693,000
Staatsbefondsing	14,987,000	18,828,000
Interne Reserwes**	537,000	2,615,000
Eksterne Lening**	-	250,000
** Indien Verkrygbaar		
Besteding op Paaië - Kannaland	7,160,000	7,894,000
MIG: Paaië - Bergsig	1,805,000	4,792,000
MIG: Paaië - Nissenville	5,355,000	-
MIG: Paaië - Vanwyksdorp	-	27,360
MIG: Paaië - Zoar	-	3,074,640

Die verhoging in besteding is hoofsaaklik toekryfbaar aan die verhoging van MIG, Behuising en DME-fondse, sowel as die kritieke noodsaak om kantoor ruimte en fasiliteite te voorsien. Die munisipaliteit behoop wesenlike risiko's as gevolg van die afwesigheid van veilige bewaring van dokumente, beskerming van rekenaar-toerusting en data, en voldoen tans nie aan beroepsveiligheids-regulasies nie.

Kapitaalbesteding is beperk tot die MIG [R7,89m], DME [R6m] en Provinsiale behuising-toekennings van R4,55m.

MIG besteding is hoofsaaklik vir paaië;

DME fondse is vir die opknapping van netwerke en elektriesiteitsverbruik bestuur te verbeter; en

Provinsiale padbou besteding is vir die gedeeltelike herseel van die dorpsgedeelte van die provinsiale hoofpad.

8. Toepassing van Nasionale Riglyne

Met die beperkte bronne tot Kannaland se beskikbaarheid sal dit moeilik wees om elke riglyn te verwezenlik. Binne hierdie beperkinge kan die volgende oorweeg word:

8.1. Beskerming van die armes—

Deernishulp-subsidies styg van die totale waarde van R235 tot R260 per huishouding per maand, afhangende van individuele dienste benut.

Gratis basiese water word beperk tot 6kl per maand vir deernishulp-gevalle alleen.

Eiendomsbelasting-waardasie-vrystellingsperke word op R40,000 gehou om belasting op deernisgevalle en laer waarde-residensiële eiendomme te verlig.

8.2. Kapasiteit-bou vir langtermyn groei—

Kannaland het nie eie fondse beskikbaar vir langtermyn-infrastruktuur-investering nie. Die huidige finansiële posisie laat nie ruimte vir die opneem van wesenlike lenings in die afsienbare toekoms nie, alhoewel daar aansoeke ingedien is vir die finansiering van 'n nuwe telefoonstelsel van R0,23m – dus bly die munisipaliteit grootliks afhanklik van Staats- en skenker-befondsing vir wesenlike kapitaal-uitbreidings. Reserve fondse moet egter gebruik word om die gelyste geboue en toerusting aan te skaf.

Die fokus moet dus verskuif na interne kapasiteits- en personeel-ontwikkeling en plaaslike inisiatiewe om eie bates en toerusting te onderhou en op te knap – daarom die Nasionale fokus op verhoogde onderhoudsbesteding.

8.3. Volgehoue groei in werkskepping—

Benevens die aanstelling van semi-geskoolde arbeid is die enigste haalbare werkskeppings-geleentheid beperk tot kapitaal-projekte en die moontlike uitbreiding van die Staat se EPWP-inisiatiewe in Kannaland.

Geleentheid om vak-gebaseerde opleiding te fasiliteer is beskikbaar en moet met plaaslike inisiatief ontwikkel word.

8.4. Skuldvlak-bestuur—

Kannaland se verpligting aan DBSA beloop R11,3m wat oor 15 jaar betaalbaar is, met 'n huidige rente-las van R1,39m per jaar. Geen verdere lenings word op dié stadium oorweeg nie.

Wat eie debiteure betref is daar 'n proses begin van skuld-invoordering en skoonmaak van die debiteure-boek. Die volledige proses sal na verwagting 9-12 maande neem. Die ontwerp en implementering van verskeie bestuurstelsels om meters, meterlesings en verbruik te monitor sal toekomstige skuldbestuur bevorder.

8.5. Verwydering van sektorale versperings—

Toegang tot algemene besigheids-geleentheid vir voorheen benadeelde groepe moet in verkrygings-praktieke bevorder word.

9. Saamgevatte Begroting

Meegaande skedules bevat die voorgestelde tariewe en die begroting in hoëvlak-formaat, wat die huidige jaar se gewysigde begroting sowel as die medium-termyn-begroting uiteensit. Die jaar se verwagte resultate is in lyn met die gewysigde begroting.

Die dokument is aangepas na afloop van die publieke deelname-proses en die onlangse *LG MTEC 3* interaksies met Provinsiale Tesourie en ander sektorale departemente. Insette vir oorweging in die begroting is van verskeie oorde ontvang, en in ag geneem waar moontlik.

10. Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat die Raad:

- 1. die voorgestelde medium-termyn-begroting vir 2010/11 tot 2012/13 oorweeg vir goedkeuring soos voorgelê;**
- 2. die voorgestelde tariewe goedkeur soos voorgelê, met dien verstande dat die toepaslike tarief-beleide en deernis-hulp vlakke daarvolgens gewysig word;**
- 3. streng kostebesparings-maatreëls instel ten einde bestedings-patrone tot die noodsaaklike minimum te beperk; en alle moontlike befondsings- en ekonomiese inisiatiewe opvolg om inkomstebronne en kapitaalbefondsing te bevorder.**

KANNALAND MUNICIPALITY - BUDGET / BEGROTING 2010-2011
 RAAD ALGEMEEN / GENERAL COUNCIL

VoteNo	Description(VS-Q003BA)	Budget 2009-10	Budget 2010-11	Budget 2011-12	Budget 2012-13
SKENKINGS EN SUBSIDIES ONTVANG (BEDRYFS) / GRANTS AND SUBSIDIES RECEIVED		896,000	1,273,000	1,407,000	1,670,000
11001157	EQUITABLE SHARE GRANT	200,000	510,000	600,000	825,000
11001159	CONTRIBUTION COUNCILLOR REMUNE	528,000	588,000	625,000	656,000
11001160	CDW GRANT (OPERATIONAL SUPPORT)	168,000	175,000	182,000	189,000
WINS MET VERVREEMDING VAN BATES, AANLEG EN TOERUSTING		400,000	500,000	0	0
11001234	SURPLUS WITH SELLING OF ASSETS	400,000	500,000		-
Totale bedryfsinkomstes vir Raad Algemeen		1,296,000	1,773,000	1,407,000	1,670,000
Totale bedryfsuitgawes vir Raad Algemeen		4,258,480	4,609,179	4,611,199	4,792,204
WERKNEMERSKOSTE - SALARISSE / EMPLOYEE RELATED COSTS - SALARIES		442,046	570,591	683,439	728,917
11001282	SALARIES	232,719	337,971	346,781	369,911
11001284	BONUSSES	0	-	30,000	32,001
11001296	PENSION FUND CONTRIBUTION	0	-	63,546	67,785
11001297	MEDICAL FUND	207,000	229,241	240,000	256,008
11001299	UIF	2,327	3,380	3,112	3,212
VERGOEDING RAADSLEDE / REMUNERATION OF COUNCILLORS		2,514,500	2,642,083	2,586,940	2,669,981
11001316	ALLOWANCES	2,393,600	2,515,243	2,448,970	2,527,582
11001321	TELEPHONE/CELLPHONE ALLOWANCES	120,900	126,840	137,970	142,399
WAARDEVERMINDERING / DEPRECIATION		3,400	3,100	3,200	3,360
11001333	DEPRECIATION	3,400	3,100	3,200	3,360
HERSTEL EN ONDERHOUD - MUNISPALE BATES / REPAIRS AND MAINTENANCE		0	22,500	22,500	23,625
11001340	FURNITURE AND EQUIPMENT	0	7,500	7,500	7,875
11001355	SMALL ASSETS LIST	0	15,000	15,000	15,750
GEKONTRAKTEURDE DIENSTE / CONTRACTED SERVICES		168,000	175,000	182,000	189,000
11001373	OPERATING EXPENDITURE : GRANTS	168,000	175,000	182,000	189,000
SKENKINGS EN SUBSIDIES / GRANTS & SUBSIDIES PAID		10,000	10,000	10,000	10,000
11001393	GRANTS IN AID	10,000	10,000	10,000	10,000
ALGEMENE UITGAWES - ANDER / GENERAL EXPENSES - OTHER		1,123,574	1,188,635	1,125,777	1,169,909
11001394	INSURANCE	12,500	14,300	13,200	14,036
11001395	WORKMEN'S COMPENSATION	9,097	9,920	7,718	8,207
11001396	PRINTING & STATIONERY	5,000	1,000	5,885	6,258
11001398	PUBLICITY & IDP	5,000	10,000	10,000	10,633
11001399	SUBSISTANCE & TRAVEL EXPENSE	190,000	200,000	242,500	260,445
11001400	TELEPHONE	210,000	100,000	113,000	121,362
11001406	DELEGATION COST	16,000	50,000	23,875	24,639
11001407	OFFICE EXPENSE, REFRESHMENTS,	2,500	2,500	5,150	5,428
11001408	ENTERTAINMENT	50,000	30,000	50,000	52,700
11001409	TRANSPORT COST (CDW & WARDS)	10,000	5,000		-
11001410	CONTRIBUTION BARGAINING COUNCIL	0	135		-
11001421	EQUIPMENT RENT, ETC.	20,000	20,000	20,000	20,640
11001422	SUBSCRIPTION FEES (SALGA)	90,000	130,000	11,250	11,610
11001429	LEGAL FEES	50,000	50,000	50,000	51,600
11001430	WERWINGSKOSTE: ONDERHOUDE (R&V)	0	-		-
11001432	CLEANING ACCESSORIES	2,000	2,400	2,544	2,625
11001436	VERHUISING & HERVESTIGINGSKOST	0	-		-
11001438	COUNCIL CONTRIBUTION SKILLS LEVY	21,477	3,380	21,530	22,307
11001446	SUBDIVISION COSTS	0	80,000		
11001454	LOCAL ECONOMIC DEVELOPMENT	0	50,000	20,000	20,000
11001457	IMBIZO WEEK : 2006/07	0	-	10,000	10,000
11001460	TOURISM & COM. EVENTS	330,000	270,000	330,000	330,000
11001462	SPECIAL PROJECTS: YOUTH & AIDS	100,000	50,000	53,210	55,320
11001464	ABET TRAINING COST	0	10,000	10,455	10,931
11001466	CELL PHONES	0	100,000	125,460	131,168
OORDRAGTE VAN / (NA) ANDER RESERWES / TRANSFERS FROM / (TO) OTHER RESERVES		(3,040)	(2,730)	(2,658)	(2,587)
11001801	ASSET FINANCING RESERVE (AFR)	(3,040)	(2,730)	(2,658)	(2,587)
Suplus / (Tekort)		(2,962,480)	(2,836,179)	(3,204,199)	(3,122,204)

KANNALAND MUNICIPALITY - BUDGET / BEGROTING 2010-2011
MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

VoteNo	Description(VS-Q003BA)	Budget 2009-10	Budget 2010-11	Budget 2011-12	Budget 2012-13
	Totale bedryfsinkomstes vir Munisipale Bestuurder	0	0	0	0
